



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

DANSSTUDIES

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyndokument bestaan uit 8 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

	Bladsy
1. Inleiding	3
2. Assessering in graad 13	4
2.1 Formaat van die vraestel: teorie-eksamens	4
2.2 Kognitiewe vlakke	5
2.2.1 Teorie	5
2.2.2 Prakties	7
3. Slot	8

1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Dansstudies beskryf die aard en doel van die vak Dansstudies. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenriglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Dansstudies geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA), Praktiese Assesseringstake (PAT'e) of finale eksterne praktiese eksamens, wat in 'n aparte PAT-dokument verduidelik word en elke jaar opgedateer word, nie.

Hierdie Eksamenriglyne moet geles word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Assesseringsbeleidsverklaring (KABV): Dansstudies*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R-12)*
- Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R-12

2. ASSESSERING IN GRAAD 12

Die formele assesseringsvereistes vir KABV graad 12-Dansstudies uit die KABV-dokument vir Dansstudies, bl. 38 is:

Tabel 1b Formele assessering Graad 12			
1ste kwartaal	2de kwartaal	3de kwartaal	4de kwartaal
Teorie-toets 50 punte	Praktiese eksamen 100 punte	Praktiese eksamen 100 punte	Praktiese eksamen 100 punte
Praktiese toets 50 punte	Teorie-eksamen 100 punte	Teorie-eksamen 100 punte	Teorie-eksamen 100 punte
100 punte	200 punte	200 punte	SGA $500 \div 5 = 100$ punte
PAT 1: 50 punte	PAT 2: 50 punte		PAT: 100 punte
SGA 100 + PAT 100 + eindeksamen 200 = Totaal 400 punte			

2.1 FORMAAT VAN DIE VRAESTEL: TEORIE-EKSAMEN

Die finale teorievraestel word ekstern deur 'n nasionale eksamenpaneel opgestel wat deur die Departement van Basiese Onderwys (DBO) aangestel is, deur 'n eksterne moderator gemodereer wat deur Umalusi aangestel is en deur 'n nasienpaneel nagesien wat deur elke provinsie aangestel word.

Die teorievraestelle vir die 2de en 3de kwartaal word intern opgestel en nagesien en ekstern gemodereer.

Die Dansstudies-vraestel word uit 100 punte opgestel. Leerders moet die vraestel binne 3 uur beantwoord. Die meerderheid vrae sal uit die graad 12-kurrikulum geneem word en aangevul word deur 'n beperkte hoeveelheid inhoud uit graad 10 en 11, soos in die KABV se kwartaalplanne uiteengesit.

Die vraestel sal 'n aantal keusevrae bevat. Byvoorbeeld, die afdeling oor die hoofspiergroepe en hulle anatomiese werking is opsioneel (sien graad 11 in die KABV-dokument bl. 13). Daar sal ook keusevrae in die afdeling oor dansgeletterdheid wees, aangesien daar 'n groot verskeidenheid danswerke is wat bestudeer kan word.

In die KABV-dokument (bl. 42) word 'n formaat vir die teorievraestel voorgestel met moontlike onderwerpe (sien uittreksel op die volgende bladsy). Dit is slegs 'n riglyn en is nie 'n formule vir die vraestelle nie. Nie al hierdie onderwerpe kan voorkom nie en ander kan gebruik word wat nie hier genoem word nie, maar wel deel uitmaak van die Dansstudies-kurrikulum.

Die vraestel bestaan uit twee afdelings met 'n hoër gewigstoekening vir dansteorie en dansgeskiedenis (60%), en 'n kleiner gewigstoekening vir veilige danspraktyke en gesondheidsorg (40%).

AFDELINGS	MOONTLIKE ONDERWERPE	PUNTE
Afdeling 1: Veilige danspraktyk en gesondheidsorg	<ul style="list-style-type: none"> • Beginsels, doelwitte en prosesse van opwarming en afkoeling • Postuur, liggaamshouding en liggaamslyn • Sinoviale gewrigte • Spiere en anatomiese aksies (opsionele vraag) • Struktuur, beweging en veilige gebruik van die ruggraat • Komponente van fiksheid: krag, soepelheid, uithouvermoë, kernstabiliteit, neuromuskulêre vaardighede • Beserings: oorsake, behandeling en voorkoming • Voordele van goeie voeding, gebalanseerde dieet en hidrasie • Eetsteurnisse, stereotipering • Geestesgesondheid: spanning, stres, ontspanning, konsentrasie 	40
Afdeling 2: Dansgeskiedenis en -geletterdheid	<ul style="list-style-type: none"> • Dansgeskiedenis • Funksies en waardes van dans in die samelewing • Vorme, beginsels en kenmerke van die hoofdansvorm • Vergelyking van dansvorme • Loopbane in dans en verwante bedrywe • Choreografiese strukture en opvoeringsruimtes • Dansproduksie en -bemarking • Musiekelemente, terme, instrumente • Dansgeletterdheid: voorgeskrewe internasionale en Suid-Afrikaanse danswerke, choreografe en komponiste (sien lys) 	60

[Uittreksel uit die Dansstudies KABV bl. 42]

Vrae sal substansieel wees (dit wil sê, genoeg om die lyf hê) en kan geïntegreerde onderwerpe insluit, bv. die kombinerings van 'funksies van dans in die samelewing' met 'loopbane' of 'gemeenskapsprojekte'.

2.2 KOGNITIEWE VLAKKE

Formele assessering in beide die *praktiese en die teorie-eksamens* moet voorsiening maak vir 'n reeks kognitiewe vlakke en vermoëns van leerders. Bloom se taksonomie verskaf 'n mate van leiding, bv.:

2.2.1 Teorie

Vrae moet gestruktureer word om die lae, medium en hoë kognitiewe vlakke in te sluit om sodoende vir alle leerders voorsiening te maak.

Die KABV vir Dansstudies (bl. 39) verskaf die gewigstoekenning van vrae vir die teorievraestel:

- Laag (30%)
- Medium (50%)
- Hoër-orde (20%)

Eksamen-/Toetsvraestelle moet met makliker vrae begin om leerders se selfvertroue op te bou. Vrae wat opbou van 'n laer vlak na 'n moeiliker hoë vlak kan binne dieselfde vraag gestel word.

Hieronder volg 'n algemene beskrywing van drie kognitiewe vlakke, hoewel hulle by tye kan oorvleuel, bv. 'n mens kan op 'n graad 1-vlak en 'n graad 12-vlak analiseer.

Kognitiewe vlak	Persentasie	Beskrywing	Vraagtipies
Laag 30%	30%	Herken Onthou	<ul style="list-style-type: none"> • Onthou inligting • Identifiseer • Definieer • Noem op • Pas items by mekaar • Beskryf • Benoem • Vind • Verskaf byskrifte • Vul die ontbrekende woorde in • Waar of onwaar
Medium 50%	50%	Begryp Ontleed Pas toe	<ul style="list-style-type: none"> • Breek inligting in onderdele op om te verken, dekonstrueer • Som op • Klassifiseer • Verduidelik idees of konsepte • Brei uit, gee voorbeelde • Gebruik inligting in 'n ander bekende situasie • Skryf in 'n bepaalde formaat, bv. brief, resensie, programnotas, biografie, persverklaring • Organiseer
Hoog 20%	20%	Skep Evalueer Los probleme op	<ul style="list-style-type: none"> • Genereer nuwe idees, produkte of maniere om dinge te beskou, eksperimenteer • Ontwerp, konstrueer, beplan, skep, vind uit • Regverdig 'n besluit of handelswyse • Beoordeel, gee en staaf eie mening • Lewer kritiek, interpreteer • Vergelyk: vind ooreenkomste en verskille • Bespreek: gee meer as een mening • Dink na, ondersoek krities, voer onderhoude

Die belangrikste veranderings ten opsigte van assessering in die NKV en die KABV

DANSSTUDIES NKV	DANSSTUDIES KABV
'n Wye reeks SGA-take en PAT'e, graad 12-kurrikulum oorlaai met onvoldoende tyd in die kort matriekjaar om al die komponente te dek	Vermindering van oorslag Groter klem op verhoging van die gehalte van die praktiese komponent Navorsing geïntegreer in die PAT en teorie Groter fokus op eksamens; die eksamens in die 2de en 3de kwartaal verteenwoordig 400 uit 500 SGA-punte (80% van die SGA-punt) Die eksamens verteenwoordig dus 70% van die finale punt vir graad 12.
PAT ingesluit by SBG. Dra minder gewig.	PAT nie by SGA ingesluit. Dra meer gewig (25% van totaal).
Teorie-eksamen uit 150 punte	Teorie-eksamen uit 100 punte
Praktiese eksamen uit 150 punte	Praktiese eksamen uit 100 punte
Die eksterne eksamen verteenwoordig 75% van die finale punt	Die eksterne eksamen verteenwoordig 50% van die finale assesseringspunt.

2.2.2 Prakties

Die tabel hieronder dien slegs as 'n riglyn. Die vlak van die aksie kan wissel na gelang van die kompleksiteit van die taak, bv. daar is lae, medium en hoë vlakke van musikaliteit.

Kognitiewe vlakke	Beskrywing	Tipes aksies
Laag 30%	Nabootsing Onthou	Tegniek: nabootsing en onthou van oefeninge, ritmes en danse
Medium 50%	Toepassing Analise	Tegniek, uitvoering: toepassing van tegniese vaardighede, bewustheid van eie en ander se ruimte, veilige gebruik van die liggaam en begrip van fiksheidskomponente, musikaliteit, integrasie van liggaam en gees
Hoog 20%	Komposisie Skep Analiseer Sintese Interpreteer Dink na/Besin Integreer liggaam en gees Evalueer Beoordeel Lei/Bestuur	Improvisasie, choreografie: dink abstrak, bestuur mense, bring verskillende aspekte tot sintese in 'n produksie/aanbieding/uitvoering Solo-uitvoering: vertolking, verstaan betekenis aan beweging, koördinasie, kinestetiese bewustheid, kommunikasie, sintese van styl en beginsels in 'n uitvoering, kreatiwiteit, musikaliteit, beweeglikheid

3. SLOT

Dit word in die vooruitsig gestel dat hierdie Eksamenriglyne-dokument as 'n instrument sal dien om onderwysers te versterk en te bemagtig om geldige en betroubare assesseringsitems in al hul klaskameraktiwiteite op te stel.

Hierdie Eksamenriglyne-dokument is bedoel om die assesseringsaspirasies wat in die KABV-dokument voorgestaan word, te verwoord. Dit is derhalwe nie 'n plaasvervanger van die KABV-dokument, wat onderwysers vir onderrig moet gebruik, nie.

Kwalitatiewe kurrikulum-dekking, soos uiteengesit in die KABV, kan nie oorbeklemtoon word nie.